Publication: Burger (Kaap Stedelik)
Date: Thursday, June 10, 2021
Page: 2

# Agri SA 'steun nié onteiening sonder vergoeding'

**Llewellyn Prince**

Agri SA is gekant teen onteiening sonder vergoeding én onregstreekse onteiening, het Annelize Crosby, hoof van grond- en regsake by dié landbou-organisasie, gister gesê.

Dit is na aanleiding van 'n studie oor die onteieningswetsontwerp – wat ná 'n aansoek ingevolge die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting (Paia) deur die organisasie Sakeliga verkry is – en waarin "beweer word Nedlac het die wetsontwerp in sy geheel gesteun en dat Agri SA ook die wetgewing versigtig ondersteun".

"Hierdie bewerings is onwaar. Agri SA se teenkanting teen sekere aspekte van die wetsontwerp, veral die definisie van onteiening, wat die deur oopmaak vir allerlei beperkings op eiendomsreg sonder vergoeding (onregstreekse onteiening) en artikels 12(3) en (4), wat voorsiening maak vir nul vergoeding, is deurgaans baie duidelik oorgedra."

Agri SA het ook reeds talle mediaverklarings daaroor uitgereik, terwyl dié standpunt ook gehuldig is by elke geleentheid waar Agri SA opgetree het.

Crosby sê Agri SA se voorlegging aan die portefeuljekomitee oor openbare werke en infrastruktuur, wat die proses en huidige openbare vergaderings oor die onteieningswetsontwerp lei, was ook baie duidelik daaroor. "Die sakegroepering in Nedlac was ook baie duidelik oor hul teenkanting ten opsigte van dié maatreëls. Die sosio-ekonomiese studie skep dus 'n vals indruk dat Agri SA en die sakewêreld dié wetgewing steun."

Volgens haar het Agri SA groot uitgawes aangegaan om regsmenings oor die wetsontwerp in te win. Hy het ook 'n onafhanklike studie oor die moontlike ekonomiese gevolge van onteiening sonder vergoeding laat doen wat in Maart vanjaar uitgereik is.

Samantha Graham-Maré, DA-woordvoerder oor openbare werke en infrastruktuur, het Dinsdag in 'n verklaring saamgestem dat die studie "chronies gebrekkig is as die grondslag vir die besluitneming oor 'n wetsontwerp wat ingrypende gevolge vir onteiening sonder vergoeding het".

"Verder is die studie in 2019 voor die Nedlac-gesprekke afgehandel – nog voordat dié gesprekke sou benadruk watter groot uitwerking die wetsontwerp op die sosio-ekonomiese omgewing in die land sal hê."

Intussen het Nolitha Ntobongwana, voorsitter van die portefeuljekomitee oor openbare werke, gesê die jongste ronde openbare sittings oor die onteieningswetsontwerp sal vandag in die Wes-Kaap voortgesit word.

Dit volg nadat die komitee Sondag die Oos-Kaapse been daarvan in Gqeberha (Port Elizabeth) afgesluit het.

Die komitee moes daarna openbare sittings in die Noord-Kaap hou, maar het dit weens die stygende koronavirus-infeksies in die provinsie uitgestel.

"Ná die Wes-Kaap sal die komitee sy program vir eers staak totdat die infeksievlakke in die Noord-Kaap en die Vrystaat onder beheer is."

Volgens Ntobongwana het sommige landsburgers op die openbare sittings in Gqeberha onder meer gesê dat die wetsontwerp 'n risiko vir beleidsekerheid inhou "weens onduidelikheid wat geskep word deur 'n onduidelike definisie van die eiendom wat met die wetsontwerp onteien kan word".

Ondersteuners daarvan het egter gemeen dat dit nodig is om die ongeregtighede van die verlede reg te stel en om armoede, ongelykheid en werkloosheid te beveg.

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.